DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# menlo-insig

Insig 19/2025 - 25 Julie 2025



## Boodskap van die hoof

Die aanbreek van kwartaal 3 dui ook op die aanbreek van nuwe seisoene, soos duidelik in die natuur sigbaar is.
Met die aarde wat nader aan die son beweeg, en nuwe groei plaasvind, herinner Psalm 127 ons dan ook dat die Here ons help met die nuwe seisoene ("huis bou"), dat Hy ons seën (selfs terwyl ons slaap) en dat Hy die vyand weghou van die stadspoorte (Menlo se mure is veilig)!
Mag elke Menlo-leerder, -ouer en -vriend, met lente om die draai, 'n wonderlike kwartaal van nuwe lewe en beskerming geniet!

## Teksvers vir 2025

**Jesaja 43: 18 & 19**

Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk, ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring.

## Teksvers vir die kwartaal

**Psalm 127**
1. 'n Pelgrimslied. Van Salomo.
As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm, tevergeefs. 2. Tevergeefs dat julle vroeg opstaan en laat gaan slaap om met moeite 'n bestaan te maak. Vir dié wat Hy liefhet, gee die Here dit in hulle slaap. 5. Sulke mense het niks te vrees as hulle met die vyand in die stadspoort onderhandel nie.

# MENLO-KOMMUNIKASIE

## DATUMS

| | |
|---|---|
| 29 Julie | Toetsreeks begin: graad 12 |
| 25 Augustus | Voorbereidende eksamen begin: graad 12 |
| **30 Augustus** | **Menlofees** |
| 3 Oktober | Matriekafskeid |
| | Skool sluit |

## ALGEMEEN

### 1. Menlobond vra 'n guns

Die Menlobond is op soek na foto's uit die skool se verlede en spesifiek van die skoolgeboue en –terrein uit die jare sestig en sewentig. Kontak me. Gisela Rolfes (menlobond@menlopark.co.za) indien u met hierdie projek behulpsaam kan wees.

### 2. Parkie-proppieprojek

Onthou asseblief om alle plastiekdoppies skool toe te stuur.

### 3. Menlo-ondersteunerstruie

Bestellings: sportsupplies@telkomsa.net

Prys: R850.

## 'n Brokkie Menlo-geskiedenis

**1965-personeel**

Dit was vandeesweek *Fotodag* op Menlobodem. Die gebeurtenis het onwillekeurig herinneringe uit die verlede opgeroep. Ons vier graag die bydraes van die eerste Menlopioniers.

## Afrikaans: 100 jaar Het jy geweet?

Die name van vakke en dissiplines kry 'n hoof– of 'n kleinletter, byvoorbeeld "Geografie" of "geografie".

Bron: Vivataalwenk

# Ed-admin

**Menlo-kode: 599649**

**Klik op u kind se profiel** →
- Learning & Behaviour: Inskrywings met betrekking tot u kind se gedrag.
- Report Card
- Attendance
- Assessment
- Communicate with staff: Kontakbesonderhede van u kind se onderwysers.

**Calender** →
- Stem ooreen met die kalender in die Werkplan.

## Documents: Parents

**Administrasie** →
- Uittekenprosedure

**Akademie** →
- Toets- en eksamenrooster
- Ekstra klasse: Wiskunde en FW

**Finansies** →
- Menlo-rekeningbesonderhede
- MySchool & Boost Procurement

**Fotobestellings**

**Insig** →
- Tariefkaart

**Kleure en erekleure** →
- Dra van balkies
- Prosedure vir die toekenning van kleure en erekleure

**Kommunikasie** →
- Graadhoofde
- Menlo-kommunikasiekanale
- WhatsApp-kanale (voorlopig)

**Menlo-ouers wat omgee** →
- Menlo-ouers wat bid

**Omsendbriewe**

**Parkieraadprojekte**
- Parkieraad-planne: Proppieprojek

**Perioderoosters**

**Skooldrag, klerebank & sportwinkel** →
- Menlo-klerebank
- Menlo-skooldrag
- Menlo-sportwinkel

**Sosiale kalender** →
- Prestigedinee & wynveiling

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# Menlo-musiek-akademie

Volg gerus die skakel vir meer inligting.

## Wat doen ons?

**Ons bied musieklesse op die skoolterrein (musieksentrum) aan.**

## Wie kan lesse neem?

- Enigiemand is welkom – van beginners tot gevorderde musici.
- Ons bied informele lesse, eksamenvoorbereiding en voorbereiding vir eisteddfods aan.

# KULTUUR

## MENLO-SANGER BEKOOR BY EISTEDDFOD

Jeanne-Marie van Brummelen (o. 16-ouderdomsgroep) is met twee toekennings by die Pretoria Eisteddfod se galakonsert beloon:

- Beste lied uit 'n musiekblyspel
- Beste uitvoering van 'n Engelse lied.

Hartlik geluk!

## REVUE: SEISOEN SKOP BINNEKORT AF

Die revuespan het vir twee weke in die vakansie, van sonop tot sononder, gewerk aan vanjaar se produksie. Hul toewyding en deursettingsvermoë is werklik bewonderenswaardig.

Die eerste kompetisie skop reeds op 30 Julie af en die groot optrede by die skool vind op 12 Augustus plaas. Menlo-revue sien daarna uit om hierdie besonderse produksie met die skool te deel!

# SPORT

## ATLETIEK: MENLO-ATLETE VEROWER AFRIKA

### CAA AFRIKA-KAMPIOENSKAP: 16-20 JULIE 2025 ABEOKUTA (NIGERIË)

| Atleet | Item | Plek |
|---|---|---|
| Megan Nieman | 100 m-hekkies | 1ste |
| | 400 m-hekkies | 2de |
| | Sweedse aflos | 2de |
| Joshua Gerber | Diskus | 1ste |
| | Gewigstoot | 6de |
| Chirsté Loedolff | Diskus | 3de |
| Leon Stoltz | 2000 m-hindernis | 6de |

### AUSC SONE 5: STREEKSKAMPIOENSKAP: 4-13 JULIE 2025 SWAKOPMUND (NAMIBIË)

| Atleet | Item | Plek |
|---|---|---|
| Karla Bouwer | 400 m-hekkies | 1ste |
| Taelyn Smith | Hoogspring | 1ste |
| Erik Senekal | Diskus | 1ste |

### COSSA-SPELE: SA SKOLESPAN: 23-28 AUGUSTUS 2025 ESWATINI

| Atleet | Item |
|---|---|
| Jaco van Dyk | Gewigstoot |
| Janelle Kirkpatrick | 90 m-hekkies & 300 m-hekkies |
| Ruvé van der Ende | 400 m |
| Daniélla Fourie | Diskus |
| Megan Nieman | 100 m-hekkies |

# HOKKIE: MENLO-TRIO IN SA SPANNE

Baie geluk aan die volgende Menloparkers wat die aandag van die nasionale keurders tydens die interprovinsiale toernooie getrek het en in die SA span opgeneem is:

| | |
|---|---|
| Zoe Badenhorst | SA O. 18B |
| Annika Kloppers | SA O. 17A |
| Monique Gerber | SA O. 16B |

# NETBAL: MENLO-NETBALTROTS PRESTEER UITSONDERLIK

## VYF DOGTERS BY ALL AGES-TOERNOOI IN AKSIE

| | |
|---|---|
| Katelin Robinson | O. 14 |
| Mia Deysel | O. 15 |
| Jeanie van Biljon en Suzanne Muller | O. 17 |
| Gabby Smith | O. 18 |

## MENLO-NETBALSTERRE IN SA-SPANNE

Minette Boshoff en Lente Kroukamp verruil Menlo se spandrag binnekort vir die Groen-en-goud.

Baie geluk!

## UITSLAE: IRENE SEYMORE TOERNOOI (POTCHEFSTROOM)

| | | | |
|---|---|---|---|
| O. 14A | 1ste | O. 15A | 1ste |
| O. 16A | 2de | O. 17A | 2de |
| O. 19A | 2de | | |

Beste middelbaanspeler: Mila Stander

# SWEM: PARKIES OP PAD NA WÊRELDKAMPIOENSKAP

Zaine Niemand (graad 11) en Chanel Veldsman (graad 10) is gekies om Suid-Afrika by die World Aquatics Junior Swimming Championship in Octopeni, Romenië, vanaf 19-24 Augustus te verteenwoordig.

Zaine en Chanel sal beide in die 100 m-borsslag in aksie wees.

# BERGFIETS: PARKIES SKUIF BERGE

**UITSLAG: FORD TRAILSEEKER DIE BOSVELD**

| | |
|---|---|
| Stephan Aldum | 1ste |
| Jaco Aldum | 3de |
| LJ vd Westhuizen | 4de |

**MENLOPARKERS OP PAD NA INTERNASIONALE ROEM**

| | |
|---|---|
| Stephum Aldum | UCI XCO Wêreldkampioenskap |
| Arielle Behr | UCI XCO Wêreldkampioenskap Downhill |

# GHOLF: MENLOPARKER WEN GESOGTE TOERNOOI

Met puik spel en senuwees van staal het Schalk van Ettinger vanjaar as die kampioen van Nedbank se junior uitdaagtoernooi huiswaarts gekeer. Welgedaan! Ons sien daarna uit om hierdie talentvolle speler eendag in die wêreld se voorste toernooie in aksie te sien.

# PRESTASIES BUITE SKOOLVERBAND

| Leerder | Aktiwiteit | Prestasie |
|---|---|---|
| Nina Jv Vuuren | Sagtebal | Gekies om die nasionale span, in Oktober, in die Tsjeggiese Republiek, te verteenwoordig. |
| Rian Knoesen | Toneel | Vertolk die hoofrol in die Little Mermaid-produksie wat aan die begin van Julie op die planke in die Fairtree Atterbury Teater was. |
| Ilané Hattingh | Dans | Neem aan die Dance World Cup se World Finals in Spanje deel. |
| Jacques Milan de Jager | Taekwondo | Verwerf twee medaljes by die nasionale kampioenskap: goud en brons. |

## MENLO-BORGE: BAIE DANKIE

OBARO

SAFARI OUTDOOR

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK

EXCELSA PETAMUS

SEDERT 1963

# ANTHEM OF HOPE

## MENLO REVUE

12, 13, 15 & 16 AUGUSTUS

SKOOLSAAL

18:30 VIR 19:00

R100 PER PERSOON SLEGS KAARTBETALINGS

KAARTJIEVERKOPE - I1

KAARTJIES SAL OOK BY DIE DEURE VERKOOP WORD

*Sien jou daar!*

# ONDERSTEUN ONS PARKIE-ENTREPRENEURS

# MARKPLEIN

# LYNNWOOD PADEL
# WAAR ELKE HOU TEL

KOM SPEEL PADEL BY **LYNNWOOD PADEL PARK**
EN ONDERSTEUN TERSELFDERTYD DIE SKOOL!
ELKE HOU MAAK 'N VERSKIL.

*Bespreek vandag nog jou baan!*

BESPREEK HIER

EXCELSA PETAMUS
MENLOBOND
ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO

LYNNWOOD
PADEL PARK

NOORDELIKE HELPMEKAAR STUDIEFONDS

ONS HELP MET JOU STUDIELENING

# Bekostigbare STUDIELENINGS vir TERSIÊRE ONDERRIG in Suid-Afrika

## NHS BIED DIE VOLGENDE:

### Tydens die studietydperk

- R80 000 per jaar vir die volle tydperk
- Prima minus 3 % rentekoers
- Slegs rente word maandeliks betaal

### Na die studietydperk

Na voltooiing van studie word kapitaal plus rente teen die primakoers betaal.

- Lener kry 2 jaar vir elke jaar van lening om terug te betaal
- Tydens internskap of gemeenskapsdiens betaal lener slegs rente teen Prima mins 3 %.

## KONTAK ONS


(011) 782 9160

admin@nhsfonds.co.za

noordelikehelpmekaarstudiefonds.org